DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

VRYE **Weekblad**

12 Mei 1989 Tel: (011) 836-7236/836-2151 Prys R1,20 (R1,06 + 14c AVB)

REGSES MOET BUITE-PARLEMENTÊRE AKTIVISTE WORD

# KP moet uit, sê AWB

DIE AWB druk nou die Konserwatiewe Party om uit die Parlement weg te breek en buite-parlementêre aktiviste te word as hulle goed vaar in die komende algemene verkiesing.

Fanie Olivier

Dié strategie het reeds met die begin van die verkiesingsveldtog spanning in die ver-regse kamp veroorsaak. Die KP kan egter nie bekostig om die AWB aanstoot te gee nie, omdat dit hulle heelwat setels sou kon kos. Intussen word die AWB al meer militant.


Die taktiek, wat sterk herinner aan dié van swart versetbewegings uit die vyftiger- en sestigerjare, word nou op openbare vergaderings in die platteland deur die leier van die AWB, Eugene Terre'Blanche, bepleit.

Terre'Blanche het die AWB Woensdag op 'n perskonferensie ná sy ontslag in die Krugersdorpse landdroshof vierkant en onomwonde agter die KP se verkiesingstryd geskaar, hoewel hy self nog steeds ligloop vir 'n vuurdoop in die aktiewe partypolitiek. "Die AWB sal steeds julle grootste nuusmaker wees," het hy aan persmanne gesê. "Maar tree asseblief verantwoordelik op want daar sal 'n tyd kom dat ons nie meer julle publisiteit nodig sal hê nie."

Volgens Terre'Blanche bestaan daar min twyfel daaroor dat die KP die grootste deel van Transvaal, die Vrystaat, Noord-Natal en Noord-Kaapland se kiesafdelings gaan inpalm. Met dié mandaat van blanke Suid-Afrika kan daar daadwerklik mee opgetree word.




*Na bladsy 2*



SA: wieg van die mensdom — 8 & 9

## Wie het Kerkorrel se Mike geVries?




Maties betoog op die trappe van die administrasiegebou teen die rektor, Mike de Vries, se verbod op die Voëlvry-konsert. Berig op bladsy 5.

Blowpipe-skandaal se Seychelle-konneksie — 3

Kindermolestering — 'n nagmerrie vir SA — 7

# Geheimsinnigheid omhul skip se vreemde verdwyning

GEHEIMSINNIGHEID omhul die verdwyning van vragskip Sevasti wat aan die einde van verlede maand op vreemde wyse langs die Namibiaanse kus vergaan het. Die eienaars en huurders sê hulle het streng opdrag om niks oor die skip of die voorval bekend te maak nie.

Daar word nou allerweë bespiegel dat die skip 'n waardevolle vrag aan boord gehad het waarvan die inhoud nie bekend gemaak mag word nie. Dit herinner in sekere opsigte aan die Salem-olieskandaal van 'n aantal jaar gelede.

Na 'n noodsein ontvang is, is al 22 bemanningslede in die see opgepik en in Luderitz aan wal gebring. Hulle is kort daarna landuit per vliegtuig, waarskynlik na Griekeland.

Geen berigte oor die sinking van dié aansienlike vragskip - gewoonlik 'n heel nuuswaardige gebeurtenis - het in die pers verskyn nie. Agente in Kaapstad vir die eienaars en huurders van die Bahamas-geregistreerde skip het dié week aan Vrye Weekblad bevestig dat hulle streng opdrag het om niks oor die skip of voorval bekend te maak nie.

Al wat openbaar gemaak is, is 'n skeepswaarskuwing twee dae na die sinking deur die hawemeester van Walvisbaai wat die skeepsverkeer in

*Na bladsy 2*

Dié week in die nuus ............ 14
Menings en rubrieke ............ 10 & 11
Afrika ............ 15

Wat skort met WP-rugby? — 16


# Hoeveel mense moet nog sterf voor daar vrede kom?

Ons berou die dood van

**David Webster,**

asook die dood van al diegene wat gesterf het in die stryd vir vrede en vryheid.

# DAVID WEBSTER




## gestry vir demokrasie vermoor deur apartheid

Uitgereik deur die David Webster Funeral Committee, Posbus 32723, Braamfontein 2017

# SA se nagmerrie het begin . . .

**Adjudant-offisier Grant Robertson, die bevelvoerder van die Suid-Afrikaanse Polisie se Kindermolesteringseenheid, het pas die eerste boek oor die omvang van kindermolestering in Suid-Afrika voltooi. Dié boek, Sexual Abuse of Children in South Africa, skets 'n skrikwekkende prentjie van miljoene kinders in Suid-Afrika wat deur hul ouers, familielede en vriende gemolesteer word. JACQUES PAUW doen verslag**



Grant Robertson

"STAN was 'n welgestelde professionele persoon met 'n goeie werk en op die oog af gelukkige familie. Die gesin se huisdokter het een dag hul driejarige seuntjie ondersoek en gevind dat hy vir baie lank al wreed deur sy pa seksueel misbruik word.

"Dieselfde het met sy ouer boetie gebeur, wat toe twaalf jaar oud was. Dit het begin toe hy tien en die boetie net een jaar oud was. Die pa het gereeld met beide sodomie gepleeg. Hy het hulle ook gedwing om seksuele dade met mekaar en 'n hond te verrig.

"Die twaalfjarige seun was reeds 'n alkoholis om sy verskriklike lot te probeer ontsnap. Die gesin was vernietig en beide kinders het onherstelbare sielkundige skade opgedoen.

"Dit was die ergste vorm van seksuele misbruik denkbaar. Die pa is tot vier jaar tronkstraf gevonnis, maar het die land verlaat terwyl hy op borg uit was hangende appèl."

Dié insident het nie in Amerika of Europa gebeur nie, maar hier op eie bodem en is 'n werklike geval uit die dossiere van die Kinderbeskermingseenheid van die SA Polisie.

Vir baie jare het Suid-Afrikaners gekyk hoe veral Britse en Amerikaanse statistiek oor die seksuele misbruik van kinders toegeneem het. Veral jong meisies, is gesê, word toenemend misbruik.

## Styg

Eers was dit een uit 'n honderd. Daarna het dit gestyg tot een uit vyftig, toe twintig, daarna tien en ses. Nou meen kenners een uit elke vier kinders gaan seksueel misbruik word voor hulle volwassedom bereik.

Ouers met seuns het veilig gevoel. Hulle het gedink hul klein seuntjies is minstens gevrywaar teen sulke verskriklike dinge. Maar toe begin al meer gevalle van seksuele aanranding van seuns ook kop uitsteek. Nou word bereken dat ook een uit elke vier seuns misbruik word.

Terwyl ons hier in Suid-Afrika soms met genoegdoening gekyk het hoe die "dekadente" Weste se syfers styg, was dieselfde ding ook besig om met ons kinders te gebeur. Min gevalle is egter aangemeld.

Aan die begin van die tagtigerjare het dokters begin agterkom dat al meer meisies seksueel gemolesteer word, veral deur hul eie familielede.

Suid-Afrika se nagmerrie het begin.

En skielik was die woord pedofiel op almal se lippe en die land in 'n toestand van skok toe die polisie aankondig dat sy nuutgestigte Kinderbeskermingstak in Junie en Julie 1988 byna 70 kindermolesteerders vasgetrek of geïdentifiseer het.

Sowat 120 polisiedossiere is geopen na aanleiding van 43 seuns se getuienis oor hul molestering.

Hul vertellings van kinderseksgroepe (sex rings), selfgemaakte "kiddie-porn"-video's en seksuele aanrandings was net so erg soos die verhale wat ons van oorsee gekry het.

Kort hierna is die akteur Don Lampbrecht in hegtenis geneem en die polisie het aankondig dat hul nou 'n lys van 120 name van kindermolesteerders het. Onder hulle was gesiene sakemanne, regsgeleerders en bekende akteurs en rolprentmense. Talle van hulle is ondervra, maar daar was nie altyd genoeg getuienis om hul aan te kla nie.

In een week het die Kinderbeskermingseenheid 750 oproepe ontvang oor gevalle van kindermolestering. Aan die einde van Oktober verlede jaar is nog 50 mense in hegtenis geneem.

Die inhegtenisnemings duur voort. Verlede week is nog dertien mans in Kaapstad vasgetrek wat deel gevorm het van die grootste seksgroep in die land. Die beskuldigdes se ouderdomme wissel tussen 30 en 67. Hulle het glo minstens 25 seuns tussen die ouderdomme van 12 en 17 jaar met mekaar "gedeel".

Een van die mans het minstens 300 klagtes teen hom van beweerde seksmisdade gepleeg oor 'n tydperk van tien jaar.

Uit dié web is 'n nuwe held gebore: adjudant-offisier Grant Robertson, eerste bevelvoerder van die Kinderbeskermingseenheid.

Hy is dié man wat ons kinders teen al hierdie naarhede moet beskerm en die molesteerders aan die pen moet laat ry.

Robertson, wat in die sielkunde gekwalifiseer is, het pas die eerste boek oor die omvang van kindermolestering in Suid-Afrika voltooi - Sexual Abuse of Children in South Africa.

Die boek skets 'n skrikwekkende prentjie van miljoene kinders in Suid-Afrika wat deur hul ouers, broers en susters, ooms en tannies en vriende en vreemdelinge seksueel gemolesteer word.

Dit vertel die verhaal van 'n onsimpatieke gemeenskap wat slagoffers dikwels nie wil glo nie, die slagoffers wat nooit van die gevolge van kindermolestering kan herstel nie en molesteerders wat haas ongeneesbaar is.

Robertson sê 'n bisarre verskynsel het die afgelope ruk in Suid-Afrika na vore gekom: die slagoffers van seksuele molestering vermink hulself.

"Hulle wond hulself met messe of ander skerp voorwerpe. Hulle bring selfs afskuwelike tatoeëermerke aan om hulself vir ander lelik te maak. Hulle probeer bewys dat hulle in beheer van hul eie liggame is en daarmee kan doen wat hulle wil," skryf Robertson.

Hy haal talle gevallestudies aan van wreedhede wat die afgelope jare teenoor kinders gepleeg is.

"In een geval van 'n baie versteurde familie is 'n jong meisie herhaaldelik deur haar pa verkrag. Terwyl hy dit gedoen het, het die ma langs die kind gelê en haar hand vasgehou. Beide die ouers is tronk toe gestuur."

"'n Groep van vyf mans het gereeld bymekaar gekom om jong seuns uit te ruil. David was 'n veertigjarige sakeman en 'n kroniese pedofiel. As hy 'n seun klaar misbruik het, het hom aangegee vir die res van die groep. Peter en Paul, twee lede van die groep, het in 'n groot huis gewoon met 'n swembad en snoekertafel. David het altyd sy nuwe vriendjie en dié se vriende na die huis gebring waar hulle met kos en drank oorlaai is. Ander mans het ook die huis besoek en die seuns misbruik.

"Slagoffers het agterna vertel hoe hulle verskeie kere gesien het hoe die mans die seuns in die slaapkamers molesteer. Nie een van die seuns het egter ooit by hul ouers gekla nie, omdat hulle voordeel uit die situasie kon trek."

## Aangerand

"Allan, 'n jong man van 22, het skuldig gepleit op aanklagte dat hy verskeie kinders tussen vier en twaalf jaar seksueel aangerand het. Terwyl hy op borgtog uit was, het hy bevriend geraak met verskeie egpare met jong kinders. Hy het homself as dokter voorgedoen en aangebied om die kinders vir kindersiektes te ondersoek. Die meeste ouers het hom niksvermoedend toegelaat. Dit was eers nadat een van die kinders gekla het, dat 'n ondersoek getoon het dat hy al die kinders seksueel gemolesteer het."

"In een geval waar byna 'n honderd seuns tussen tien en vyftien jaar gemolesteer is, is agtien volwassenes daarvan vertel voordat een uiteindelik iets daaraan gedoen het. Die beskuldigde is skuldig bevind en vier jaar tronk toe gestuur.

"In nog 'n geval het 'n meisie van agt jaar aan nege verskillende mense vertel sy word gemolesteer voor iemand haar uiteindelik geglo het."

Robertson sê dat die kanse op rehabilitasie vir pedofiele, veral die wat nooit enige normale liefdesverhouding ervaar het nie, uiters skraal is. Inteendeel, 'n studie onder pedofiele het getoon dat die helfte nie wil verander nie.

Selfs onder diegene wat tronk toe gestuur word, begaan 75 persent weer dieselfde oortreding.

'n Pedofiel is soos 'n alkoholis: hy kan nooit genees word nie, maar bloot geleer word om dit te vermy.

Die moontlikheid van tronkstraf is dus nie afskrikking nie. Die enigste waarde wat tronkstraf het, is dat dit kinders teen die pedofiel beveilig.

In oorsese lande is pedofiele al met die middel Depo-provera behandel in 'n poging om hul seksdrang te probeer onderdruk. In sommige gevalle het pedofiele hierna in gewelddadige seks-moordenaars ontaard.

Robertson sê daar is selfs in Suid-Afrika kommersiële seksgroepe waar pedofiele "hul seuns" aan ander verkoop.

Pedofiele maak dikwels van drank, dagga en selfs gom gebruik om die kind te bedwelm voor hy gemolesteer word. Talle kinders het vertel dat hulle die volgende oggend in die pedofiel se bed wakker geword het en nie seker was wat met hulle gebeur het nie.

Robertson sê die tragiesste gevolg van seksuele molestering is die moontlikheid dat die kinderslagoffer self eendag 'n pedofiel mag word. Die meeste pedofiele met wie hy in aanraking gekom het, is self as kinders misbruik.


IDASA PRETORIA
bied aan

PRETORIA FORUM: NAMIBIA

Donderdag 18 Mei: Mnr Dirk Mudge (Demokratiese Turnhalle Alliansie) - "DIE DTA SE ALTERNATIEF VIR NAMIBIA"

Woensdag 24 Mei: Mnr Daniel Tjongarero (Swapo) - "SWAPO SE ALTERNATIEF VIR NAMIBIA"

Maandag 29 Mei: Dr F van Zyl Slabbert (Idasa) - "NAMIBIA: DIE IMPLIKASIES VIR SUID-AFRIKA"

Plek: St Albans Katedraal Kerksaal, Schoemanstraat 237, Pretoria

Tyd: 19h30

Reg van toegang voorbehou



NUWE AANKOPE: TSONGA/SHANGAAN

kralewerk, gevlegde mandjies, tapyte, beeldhouwerke en hout kunsprodukte

ons koop van die oorspronklike bronne en kan bewys dat alle stukke outentiek is

african magic

spesialiste in Suider-Afrikaanse stamkunsvoorwerpe en volkskuns
rockeystraat 20, bellevue, johannesburg 011 648-4548
9a milkwoodsentrum, plettenbergbaai 04457 32-908

**Gewetensbeswaardheid is 'n basiese menslike reg**
**15 Mei 1989**
**Internasionale Gewetensbeswaardheidsdag**

*Hierdie jaar op die internasional gewetensbeswaardheidsdag fokus die Oorlog Versetbeweging oor die hele wêreld op Suid-Afrika.*
*Organisasies en indidividue van die Federale Republiek van Duitsland wil hulle solidariteit met Suid-Afrikaanse gewetensbeswaardes uitspreek en eis:*
*Die vrylating van die gewetensbeswaardes David Bruce, Charles Bester en Saul Batzofin.*
*Lig die verbod op die End Conscription Campaign!*


AK Südliches Afrika in der Diözese Limburg
Aktion Bundesschluss, Bremen
Amnesty International, Südafrika-Koordinationsgruppe
Amnesty International, Bezirk Saar, Afrika-Referat
Anarchist Assoziation Rhizom, Mainz
Anti-Apartheid-Bewegung, Gruppe Darmstadt
Anti-Apartheid-Bewegung, Gruppe Kiel
Buchladen am Kornmarkt, Wetzlar
Bund der Deutschen Katholischen Jugend im Dekanat Offenbach
Deutsche Friedensgesellschaft-Internationale der Kriegsdienstgegner, Hamburg
Deutsche Friedensgesellschaft-Vereinigte Kriegsdienstgegner
Duitse Vredesvereniging-Verenigde Oorlogversetplegers getekend deur die Federale Sprekerskring en die volgende takke:
AG Südliches Afrika in der DFG-VK
DFG-VK Landesverband, Berlin
DFG-VK Landesverband, Hessen
DFG-VK Landesverband, Rheinland-Pfalz
DFG-VK Gruppe, Bonn
DFG-VK Gruppe, Frankfurt
DFG-VK Gruppe, Freiburg
DFG-VK Gruppe, Mainz
DFG-VK Gruppe, Offenbach
DFG-VK Gruppe, Siegburg
Jugendclub Courage in der DFG-VK Gruppe, Nürnberg
Evangelische Studentengemeinde in der BRD und West-Berlin
Evangelische Studentengemeinde, Kiel
Frankfurter Frauenaktion Südafrika
Friedensinitiative Kölner Südstadt
Green Alternative European Link in the Rainbow Group in the European Parliament, Brussels
Informations und Aktionsstelle zur Totalverweigerung, West-Berlin
Initative gegen die Wehrpflicht, Witten
KDV-Beratung, Frankfurt-Niederrad
KDV-Treff, Osnabrück
Katholische Arbeitsgemeinschaft für Kriegsdienstverweigerung und Zivildienst, Köln
Ohne Rüstung Leben, Stuttgart
Reservisten verweigern sich, Oyten
Selbstorganisation der Zivildienstleistenden, Frankfurt

Individue:
Ackva, Richard, Weilburg, teoloog (Roomskatoliek);
Arens, Brigitte, Frankfurt;
Arens, Dr Edmund, Frankfurt, lektor;
Arndt, Peter, Offenbach;
Artik-Nassols, Mergis, Wetzlar
Barck, Susanne, München, ingenieur;
Bartloff, Christian, Wes-Berlyn, Gandhi Inligtingsentrum;
Bornebusch, Ulrich, Aurach, boer;
Christiansen, Ulrike, Kiel, student;
Dekker, Nico, München, joernalis;
Du Plessis, Francois, Aachen, musikant;
Fahnert, Wolfgang, Kassel, musikant;
Fernholz, Stephanie, Asslar, klerk;
Fischer, Rüdiger, Dönning;
Fuchs, Harald, Köln, sielkundige;
Giptner, Herbert, Burgkirchen, student;
Glasl, Ruth, Bonn;
Hug, Sabine, Friedberg;
Jung, Robert, Ansbach, vakbondsekretaris;
Kenkel, Sigrid, Kiel, student
Kenkel, Ulrich, Hausstette, maatskaplike werker;
Kern, Dietmar, Bad Nauheim;
Kleine, Hildegard, Köln, huisvrou;
Kubannek, Simone, Zürich, verpleegster;
Lucassen, Petra, Vechte, student;
Lüders, Margret, Wes-Berlyn, oogkundige;
Menzel, Wolfgang, Merzhausen;
Mrozek, Hans-Peter, Reichelsheim;
Müller-Reiss, Hartwig, Hannover;
Nadler, Franz, Offenbach, opvoedkundige;
Nathan, Richard, Kiel, student;
Pfaff, Helmut, Kassel, klerk;
Pfannenmüller, Christine, Aurach, spraakterapeut;
Pfannenmüller, Dr Oskar, Ansbach, pensionaris;
Plehn, Heinz, Wes-Berlyn, maatskaplike werker;
Schädel, Gertrud, Kassel, mediese tegnikus;
Schädel, Hans-Dieter, Wes-Berlyn;
Schewe, Volker, Bonn;
Schliebe, Sylvia, Reichelsheim;
Schmidt, Brigitte, Kassel, opvoedkundige;
Schmidt, Christian, Burghaslach, student;
Schweizer, Miriam, Giessen;
Sehring-Jüsten, Anna, Frankfurt;
Sehring, Herbert, Frankfurt, gewetensbeswaarde;
Sittich, Elisabeth, Bremen, onderwyser;
Steenkamp, Conrad, München, antropoloog;
Stürmer, Norbert, Wes-Berlyn, maatskaplike werker;
Verheugen, Günter, Bonn, Lid van die Bundestag;
Wagner, Lutz, stadsraadslid;

**Königswinter**
Dit is die dorp naby Bonn. Ursula Bruce, David Bruce se ma, het hier gebly tot sy Nazi-Duitsland in 1938 verlaat het.

Fraktionen im Stadtrat von Königswinter
Freie Demokratische Partei
Die Grünen
Sozialdemokratische Partei Deutschland
Friedensforum Königswinter

Individue:
Fischer, Christa, stadsraadslid;
Fischer, Klaus;
Grzesik, Gisela, ingenieur;
Hagemann, Inge, stadsraadslid;
Kohlhausen, Rolf, stadsraadslid;
Petersen, Johannes, afgetrede dominee;
Welters, Christoph, stadsraadslid;



Hierdie advertensie is uitgereik deur:
AG Südliches Afrika in der DFG-VK
Die DFG-VK is 'n anti-militaristiese organisasie wat werk ter ondersteuning van gewetensbeswaardes in Wes-Duitsland. Die DFG-VK is die Duitse afdeling van die Internasionale Oorlog Versetbeweging.
Die Werksgroep van Suidelike Afrika in die DFG-VK
Schwanenstrasse 16, 5620 Velbert, Wes-Duitsland
Kontak: Hans tel. 0049-30-39347.32, Frans tel. 0049-69-815128



# Watter Afrikaans gaan oorleef, watter uitsterf?

**Afrikaans en taalpolitiek is die onderwerp van 'n referaat wat vandag deur Maxi van Aardt, 'n student aan die Randse Afrikaanse Universiteit, by Unisa se Afrikastudie-forum gelewer is. ANTON STEENKAMP doen verslag**

DIE afgelope paar jaar het taalkundiges indringend begin kyk na die eksterne geskiedenis van Afrikaans en die mitologisering daarvan ter wille van die behoeftes van Afrikaner-Nasionalisme.

Terselfdertyd ontwikkel die konsep "alternatiewe Afrikaans" binne veral die geledere van die sogenaamde Kleurlinggemeenskap in Wes-Kaapland - 'n konsep wat gekoppel word aan die ideaal van 'n breër Suid-Afrikaanse nasionalisme.

Van Aardt wys daarop dat die taalpolitiek van Afrikaans daartoe gelei het dat 'n wig ingedryf is tussen Afrikaners aan die een kant en die sogenaamde Kleurlinge aan die ander, deurdat Afrikaans toegeëien is vir die apartheidsideaal.

Dit is 'n kenmerk van 'n nasionale taal dat 'n standaardvorm daarvan ontwikkel - dit is die soort taal wat 'n mens aantref in geskrewe, formele, amptelike Afrikaans.

Hierteenoor staan nie-standaard-Afrikaans soos "Flaaitaal", wat in die townships gepraat word.

Beide establishment-Afrikaans én alternatiewe Afrikaans maak van dieselfde standaardvorm gebruik. Die twee benamings "establishment" en "alternatief" dui op taalpolitiek, met ander woorde op die ideologiese inhoud wat aan Afrikaans gegee word. Dié twee vorme verwys nie na variëteite of dialekte van Afrikaans nie.

Deur dus 'n term soos establishment-Afrikaans te gebruik, word verwys na die verbondenheid van Afrikaans met apartheid, of dit nou die reaksionêre vorm daarvan is soos voorgestaan deur die KP, of die nuwe weergawe daarvan soos vervat in die NP se hervormingsbeleid waarin beroepe soos die volgende gemaak word:

"Die Afrikaner moet die gebruik van en liefde vir Afrikaans van harte gun vir die nie-Afrikaners en veel meer daarvan bewus word dat Afrikaans nie meer die taal van slegs die Afrikanervolk kan bly nie." - dr Gerrit Viljoen.

Die implikasie in uitsprake soos dié is dat Afrikaans oorspronklik blanke besit was. Viljoen se stelling dat "Afrikaans nie meer die taal van slegs die Afrikanervolk kan bly nie," herinner onwillekeurig aan die regering se hervormingsbeleid waarvolgens magsdeling plaasvind op 'n wyse wat deur die regering bepaal word.

Net so met Afrikaans. Dit is blanke eiendom, impliseer Viljoen, maar die Afrikaner is ruimhartig genoeg om die gebruik daarvan te gun vir die nie-Afrikaner.

Alternatiewe Afrikaans as term is 'n turksvy. Sommiges verkies dat die term nie gebruik word nie, en verwys eerder na bevryde Afrikaans of Bevrydings-Afrikaans.

Standaard-Afrikaans word op minstens die geskrewe vlak van alternatiewe Afrikaans gebruik, soos in Randall van den Heever se handboek in en oor alternatiewe Afrikaans, Tree na Vryheid.

Die beweging in en vir alternatiewe Afrikaans het sy oorsprong op veral die Kaapse platteland en Wes-Kaapland.

Alternatiewe Afrikaans is egter nie beperk tot 'n spesifieke bevolkingsgroep, byvoorbeeld die sogenaamde Kleurlinge nie.

Volgens Theo du Plessis kan tussen twee groeperings onderskei word: die strydendes en die protesterendes. Eersgenoemde gebruik Afrikaans in diens van die buite-parlementêre demokratiese beweging wat stry om 'n nie-rassige Suid-Afrika. Die protesterendes gebruik alternatiewe Afrikaans steeds binne die dampkring van Afrikanerdom, maar as 'n vorm van protes daarteen en as poging tot die vestiging van 'n alternatiewe Afrikanerkultuur. Voorbeelde hiervan is die Afrikaanse rockmusiek van die Gereformeerde Blues Band en André Letoit asook die skryfwerk van laasgenoemde.

Dat 'n politieke beweegrede ten grondslag lê van alternatiewe Afrikaans, is nie te betwyfel nie.

**Nasionale Welsynbeleid Konferensie**

**Vrydag, 19 Mei 1989 - 6.00 nm tot 9.30 nm:**
**Spreker:** Mohammed Valli Moosa -
*"Towards a Democratic Welfare System"*
Kulturele Gebeurtenis - 'n Huldeblyk aan David Webster

**Saterdag, 20 Mei 1989 - 9.00 vm tot 6.30 nm:**
*Towards a Democratic Welfare System - Keuses en strategieë.*
Sprekers sluit in prof Wilson, Jane Barrett, Stephen Gelb en Leila Patel

**Plek:** John Moffat-gebou, Universiteit van die Witwatersrand.

**Registrasie:** R30 (etes ingesluit)

**Georganiseer deur:** Concerned Social Workers, SA Black Social Workers, Society for Social Workers (Wits), Social Workers Forum (Kaapstad), Durban Committee Against the Welfare Policy
Navrae: (011) 852 6016/7 (8.30 vm - 4.30); 648 7716 (na ure)
Ons doen 'n beroep op alle demokraties-gesinde maatskaplike werkers, welsynorganisasies, progressiewe maatskaplike diensorganisasies en vakbonde om ons te ondersteun om 'n demokratiese, nie-rassige en verenigde welsynstelsel vir almal te ontwikkel.

Net soos establishment-Afrikaans is alternatiewe Afrikaans ideologies gelaai. Dit is in die eerste plek 'n reaksie téén establishment-Afrikaans wat beskou word as die taal van die onderdrukker en instrument van Afrikaner-oorheersing.

Daar het by bruin Afrikaanssprekendes, in Van den Heever se woorde, 'n "sielsverskeurende identiteitskrisis" ten opsigte van sy moedertaal ontwikkel. Maar deur 'n alternatiewe ideologiese inhoud aan Afrikaans te gee, word dié taal gered, van sy stigma bevry en kan hy weer gepraat word.

Tweedens is alternatiewe Afrikaans gerig op die ideaal van 'n nie-rassige demokratiese Suid-Afrika, waardeur dié beweging stewig binne die kader van die buite-parlementêre politiek geplaas word en Afrikaans ingespan word as bevrydingstaal.

Alternatiewe Afrikaans word dus veral beskou as 'n belangrike mobiliseringsinstrument en die blote feit dat so kwistig in Afrikaans gemobiliseer word, dui op die groot mate van sukses wat reeds bereik is daarmee om Afrikaans sedert die Soweto-onluste van 1976 van sy stigma as onderdrukkerstaal te bevry.

Beide establishment-Afrikaans en alternatiewe Afrikaans het Standaard-Afrikaans as basis, maar establishment-Afrikaans het Afrikaner-Nasionalisme as ideologiese inhoud, terwyl alternatiewe Afrikaans 'n breë Suid-Afrikaanse nasionalisme as inhoud het.

Beide vorms van Afrikaans poog om die taal meer "relevant" te maak, duidelik binne 'n politieke perspektief. Beide groepe wil deur middel van die taal mense tot ondersteuning en selfs optrede mobiliseer met die oog op 'n spesifieke doel: Afrikaner-Nasionalisme ten einde voortgesette hervorming aanvaarbaar te maak en deur te voer; die bevrydingsbeweging ten einde 'n politieke bewussyn, en daarmee saam 'n verwerping van hervorming te kweek.

Establishment-Afrikaans word deur Christelik-Nasionale Onderwys gedra om só deur die taal politieke manipulasie in die opvoedingsproses te bewerkstellig. Aan die ander kant is People's Education/Volksonderwys wat alternatiewe Afrikaans vir dieselfde doel inspan.

Dit is duidelik dat 'n mens moet onderskei tussen Standaard-Afrikaans as taalvorm en die ideologiese gebruik daarvan, veral wanneer die kwessie van die moontlike oorlewing/ondergang van Afrikaans ter sprake is.

Daar moet met ander woorde eerder gevra word wátter Afrikaans gaan oorleef/uitsterf en by implikasie vra 'n mens dan watter nasionalisme gaan in Suid-Afrika uiteindelik oorwin.

# Derde Taalbeweging het Afrikaans geKaap

## Makliker gesê . . .

### ANTON STEENKAMP



IN die huis waar ek grootgeword het, het ek twee belangrike waardes geleer: 'n liefde vir my taal, en 'n sin vir geregtigheid wat gegrond was op Christelike waardes.

Dit het as 'n taamlike skok gekom toe dit lyk asof dié twee onversoenbaar is.

Ek was in standerd 6 in die Hoërskool Bellville toe die Soweto-onluste uitgebreek, en selfs Kaapland toe versprei het - uit protes teen Afrikaans.

Ek kon dit nie verstaan nie. Miskien was die ouers en onderwysers wat snags die skool met gewere opgepas het tóg reg - die ondankbare spul breek net alles af wat ons vir hulle bou?

Ek het begin gesels met die laaities wat nie skool toe gaan nie, want hulle boikot. Hulle praat dan Afrikaans by die huis in Belhar en Bonteheuwel, hoekom nie by die skool nie?

Toe het die weerstand teen Afrikaans tot my begin deurdring - nie teen Afrikaans, die taal waarvoor ek lief is nie, maar teen Afrikaans, die taal van die onderdrukker.

Afrikaans en Afrikaner-Nasionalisme was onlosmaaklik aan mekaar verbonde, en dit het al hoe duideliker geword, selfs op skool.

Saam met my ou vriend Jannie Nel is ek verhinder om 'n Leerlingraadkamp by te woon, "omdat daar gekleurdes ook teenwoordig sou wees". Voordat ons teen Bishops kon rugby speel, moes ons pa's 'n vormpie onderteken waarin hulle toestemming gee dat ons wel mag speel teen 'n span wat móóntlik 'n "gekleurde" lid kan hê.

Party Afrikaners met 'n sin vir geregtigheid het half skaam geword om Afrikaans te praat, omdat dit hulle sonder meer in die Nasionalistiese kamp geplaas het.

Maar deesdae raak dit weer lékker om Afrikaans te praat, soos die taal gebruik word as instrument van bevryding, en self daardeur bevry word.

Skielik is daar kongresse en polemieke, en die Derde Taalbeweging vat vlam - veral in die Kaap, soos dit hoort.

Maar nie in die gange van die Akademie nie, nie deur genootskappe van Regse Afrikaners nie, nie eens op die intellektuele kongresse nie, maar op die Kaapse Vlakte, op die platteland, in die strate van Johannesburg.

Kerkorrel se rock 'n roll-ossewa loop die land storm, 'n paar ou omies se besware ten spyt (teen die kultúúr, nogal!), en dis skielik orraait in die Breë Demokratiese Beweging om Afrikaans te praat.

Die Universiteit van Wes-Kaapland het die grootste Afrikaanse departement in die land.


Sommige leftie-organisasies beskou dit selfs as broodnodig om 'n pet rock iewers op die bestuur te hê.

By die National Union of Mineworkers se kongres word alles in Afrikaans getolk, want die ouens van Namakwaland kom nie so goed reg in Ingels nie. Maar wát gesê word, sou Doktor Malan en sy medestryders se ore laat tuit het - hier gaan dit nie om die NP se SA nie, maar om 'n demokratiese, nie-rassige Suid-Afrika wat behoort aan almal wat hier woon, wit en swart, soos die aanhef tot die Vryheidsmanifes dit so mooi stel.

Afrikaans gaan oorleef, ja. Groei, selfs. Maar nie die CNO-Afrikaans wat in onwillige leerlinge se kele afgedruk is en waarmee aktiviste in die hof kennis gemaak het nie.

Nee, 'n nuwe Afrikaans wat aan almal behoort, deel van 'n groter Suid-Afrikaanse kultuur. Die taal moet weer geKaap word, kan jy maar sê, bevry word en bevry.

# Protes weerklink luid, viriel en toeganklik



## Lospraatjies

### ANTJIE KROG

BEVRY en ontroerd het ek gevoel die aand met die Voëlvry-konsert op Kroonstad.

Bevry?

As tiener uit die sixties het dit al hoe meer begin lyk asof ons die laaste wit geslag was om te rebelleer; wat protes aangeteken het, luidrugtig, teen die politiek, kleredrag, kodes, materialisme van daardie tyd. Wel terdeë internasionaal gekleur, maar tog.

Toe volg, wat John Lennon genoem het, die dreary seventies. Hier ter lande versterk deur duisende kinders wat twee jaar militêre diensplig begin doen, op grense begin veg het, en daardie angstige moraliteit in vele huise ingedra het.

Die sewentiger wit jeug het sonder protes maar tussen bedreiging, dood en swart riots opgegroei. Die jeug van tagtig het byna in die noodtoestand weggeraak.

Toe kom die Voëlvry-konsert, en die platteland word gekonfronteer met wat meeste liefs net van wou gelees het.

Luid, viriel en toeganklik weerklink protes wat voorheen eksklusief of verbode was, in sale waarin pas tevore Kobus en Sonja, Terre 'Blanche of kunswedstryd- Glockenspiel-groepe opgetree het. Lirieke vat skielik in hulle saam die materialistiese simbole van buurtes, die politieke simbole van die hoofstraat - in die vorm van 'n dodedans wieg die gehoor: ek ry 'n BMW; gil toe-oog saam: sit dit af, sit dit af.

Wat 'n vriend het ons in PW word in die bekende buitelyne van jou dorp 'n aanval op die alliansie tussen politiek en godsdiens waarop jy hande kláp en voete stámp; giggelend rock op aftjop se avbob; die vinger in die lug wat ons lewens so ontwrig, kan jy uiteindelik 'n riel op trap.

Met die dans en kodewoorde en jankende skuiftrompet is dit asof die doodheid en somber pessimisme en dragte impotente skuld van jou wegsak. Hier bégín iets! Vader dank, hier word iets gemobiliseer wat werklik 'n alternatief is; wat van hier en nou is - sy dit net 'n alternatief vir die Uitbyter van die Windjie.

Ontroerd? Omdat in 'n dorp en land waar die enigste protes of met bomme en koeëls of in eksklusiewe woorde op verlate boekrakke aangeteken is, protes een aand vir almal moontlik was om mee te maak.

Ontroerd, omdat in 'n dorp en land waar net altyd geskree word: hê, hê, hê daar ook nou gesing word: gee, gee, gee...

# Holle retoriek en bose vrese

### Elsabé Wessels

OP 6 Mei 1987 het wit kiesers in Suid-Afrika deelgeneem aan 'n verkiesing wat die meeste van hulle geglo het van buitengewone belang vir die land se toekoms sal wees. Die grootste aantal kandidate nóg is genomineer vir die verkiesing waaraan vyf politieke partye deelgeneem het. Dit was die eerste algemene verkiesing sedert die stigting van die driekamerparlement en die KP, asook die eerste sedert die noodtoestand.

Die slagspreuk van die NP was "hervorming ja - oorgawe nee".

Danksy die NP se boodskap van bose vrese en wit kiesers se veiligheidsfobie het hulle 'n klinkklare oorwinning behaal, die KP het die amptelike opposisie geword en die nou ontbinde PFP en NRP het selfs met geallieerde magte ernstige verliese gely.

Op 6 September (die dag van Verwoerd se sluipmoordaanval) vanjaar gaan wit kiesers weer na die stembus. Soos in Mei 1987 heers die noodtoestand steeds; "hervorming" het uiting gevind in verskerpte wet en orde, veiligheid en meer eie sake; swart Suid-Afrikaners verwerp steeds enige voorgestelde grondwetlike bedeling; en die land is steeds in 'n ekonomiese wurggreep.

Met 'n verkiesingspakket van sogenaamde "ingrypende hervorming" het die Nasionale Party, ongeag die fanfare, dus geen nuwe rigting ingeslaan nie. Die slagspreuke bly dieselfde: hervorming, onderhandeling, magsdeling en sekuriteit. Holle retoriek.

Terwyl die Heunis/FW-bloudruk nie verder as retoriek vorder nie, is die sleutel tot die wit stem - 'n versekering van groepbeskerming en veiligheid - in dieselfde asem genoem.

dr Denis Worrall van die DP en Koos van der Merwe, KP LV is albei van mening dat die publiek se geesdrif vir die DP die NP aangespoor het om 'n nuwe hervormingsmandaat te vra.

Dit is vrees vir 'n linkse rebellie in eie geledere en die stigting van die Demokratiese Party wat die Nasionale Party gedwing het om 'n "hervormingspakket" af te kondig, het Van der Merwe gesê.

Ondanks die NP se vinnige skermaksie na links het die DP, gemeet aan die swak vertoning van partye links van die regering in 1987, egter 'n groot agterstand om in te haal. 1987 het aangedui dat die regering enige verligte boodskap met 'n aanval van "sag op sekuriteit" sal doodsmoor. Dit is teen dié agterstand en 'n moontlike verkiesingsboikot van buite-parlementêre organisasies dat die DP dus sy eerste parlementêre verkiesing aanpak.

Entoesiastiese bywoning van DP-vergaderings laat die party duidelik optimisties dat die DP met die herwinning van die Engelse stem, veral in Natal, die steun van ontnugterde Natte en tradisionele linkse opposisie-steuners die KP as amptelike opposisie kan vervang.

Die KP, wat 30 setels in 1987 in die Transvaal gewen het en dié week reeds talle nominasies bekend gemaak het, spog egter met skoonskip maak in die Transvaal en die Vrystaat. Dié optimisme dui op 'n geweldige stryd tussen die KP en NP in die Transvaal. Dat die KP wel sy totale stempersentasie van 30 persent na 38 persent kan opskuif, is reeds ná 1987 voorspel.

Maar dit is die NP wat die pas sal aangee in die volgende vier maande. Met die massamedia en televisie tot hul beskikking sal hul vir die soveelste keer wit kiesers probeer oortuig - ondanks 'n begraafplaas vol onwerkbare "modelle" - wat swart Suid-Afrikaners se politieke toekoms behels.

# Vrye Weekblad

## Die geskiedenis

Ons berig in dié uitgawe oor die oer-geskiedenis van Suid-Afrika en die eerste swart groepe wat hulle sowat 2 000 jaar gelede in Suider-Afrika kom vestig het.

Dié artikel bied heelwat stof tot nadenke. As alle Suid-Afrikaners dié geskiedenis leer ken en mooi daaroor nadink, behoort dit 'n grondliggende verskuiwing in die denkpatrone en houdings jeens ras en kultuur tot gevolg te hê.

In die eerste plek is dit 'n wonderlike ding om te besef dat die mens inderdaad sy oorsprong hier in ons land gehad het. Ons kom almal hier vandaan: wit en bruin Afrikaners, Engelssprekendes, swartmense, Jode, Indiërs, Portugese - wie ook al hulself as Suid-Afrikaners beskou.

En 'n paar miljoen jaar gelede het ons almal dieselfde gelyk. Ons lyk, praat en dink nou net anders omdat ons oer-vaders na verskillende plekke geswerf en daar by verskillende klimaat- en omgewingsomstandighede aangepas het.

In die tweede plek is dit belangrik om te weet dat die swart stamme al tydens Christus se tyd na Suid-Afrika teruggekeer het - met 'n beskawing wat baie ander ver voor was.

Maar dit is 'n fundamentele fout om die mens se waarde te skat na waar hy hom kwansuis op die evolusieleer sou bevind in terme van tegnologiese ontwikkeling. Dit sou beteken dat die Boesman van die Kalahari as mens minder werd is as die Amerikaanse nyweraar, of dat die boer meer werd is as die arbeider.

Dit kan tog nie wees nie. Die kosbaarheid van die mens se lewe, ongeag sy oorsprong, lê die Christelike - of enige ander godsdienstige of humanitêre - filosofie ten grondslag.

Die lewe van 'n pasgebore baba in die krotbuurte van Kalkutta en dié van Prinses Diana se baba is ewe veel werd. Of die kind in Soweto en dié in Houghton.

As dié uitgangspunt deurgaans gehandhaaf word, sal die wêreld 'n beter en verdraagsamer plek wees.

## David Webster

Die personeel van Vrye Weekblad betreur die sluipmoord op David Webster en bring hulde aan sy bydrae tot die strewe vir 'n regverdiger samelewing.

## Onvrye Maties

Die rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof Mike de Vries, beweer in 'n verklaring oor sy verbod op die Voëlvry-konsert dat die universiteit se besluite in pas bly met veranderende gedragskodes in 'n vinnig ontwikkelende samelewing.

As dit so is, hoe kan die universiteitsowerhede eiehandig 'n konsert verbied sonder om die studenteraad of die studente wat die konsert reël - die jongmense wat deel vorm van 'n ontwikkelende samelewing - te raadpleeg?

Die studenteraad het hom in 'n mosie gevra om die besluit te heroorweeg, en meer as 'n duisend studente het hulle op 'n vergadering teen die besluit uitgespreek.

Wie moet dan besluit wat goed is vir die Maties - hulle rektor, of die studente wat oud en volwasse genoeg geag word om te stem en met menselewens toevertrou is in Namibia?


## So sê hulle . . .

"Natuurlik kan 'n mens trots wees op Krygkor en Suid-Afrika se vermoëns, maar elke keer dat ek verlede week op TV na 'n G5 in Ankara moes kyk terwyl in ekstase oor sy dodelike en ander wonderbaarlike eienskappe uitgewei word, het ek gewens ek kan 'n rooi angelier in sy loop druk." - Johan van Wyk in Beeld.

"Ja, individue is van misdrywe aangekla, en in een geval is 'n beskuldigde aan moord skuldig bevind. Hierdie misdrywe is egter in die individue se private hoedanigheid en in hul vrye tyd gepleeg." - Genl-maj Hans Dreyer, voormalige bevelvoerder van Koevoet.

"Suid-Afrika moet gereed en bereid wees om sy belegging in sy veiligheidsmagte heel waarskynlik te verhoog indien ons in die toekoms stabiliteit wil hê waarin ons ekonomiese vooruitgang kan beleef." - Genl Magnus Malan.

"Ons het nie verniet geveg nie. Daar is nie verniet opgeoffer nie. Ons is op die wenpad." - Wynand Breytenbach, adjunk-minister van Verdediging, oor Namibia.




## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

### Boere se hande in rooi verf

**Adriaan Aucamp van Helling skryf:**
Die artikel oor Werkersdag in julle uitgawe van 28 April 1989 is baie insiggewend. Interessant is dat die Afrikaner nie net met die "rooi kwas" verf nie, maar self sy hande daarin gedruk het.

Ek sê insiggewend omdat ek 'n tyd gelede 'n regeringspublikasie raakgeloop het (tussen rekords in 'n staatsdepartement wat vernietig moes word). Dit is die Suid-Afrikaanse Joernaal van Nywerheid & Arbeidskoerant vol VIII (8) en vol I (5) onderskeidelik, gedateer Augustus 1925. Ek sluit twee fotostate in, een van die voorblad en 'n bladsy wat verklaar dat die tydskrif wel 'n regeringspublikasie is.




Dit wil voorkom asof die voorblad propaganda van daardie tyd was, waarin die werker verheerlik word. Die skets toon ook 'n verbasende ooreenkoms met Russiese propaganda van dié era, wat ek al gesien het.

Die bewerings maak ek in die lig dat dit net na die verkiesing was waarin die Nasionale Party en die Arbeiders party die SAP van genl Smuts verslaan het. Smuts was ook te pro-kapitalisties vir die Arbeiders party.

Die mynwerkerstaking van 1922 moes ook nog vars in die geheue gewees het, arm blankes was ook 'n verkiesingsvraagstryd.

Dit vorm weer 'n verbasende kontras met die huidige posisie, waarin daar konflik bestaan oor eerstens die simboliek en geskiedenis van die dag en tweedens die dag waarop dit herdenk moet word.

### Brink onverdraagsaam?

**Wilhelm Liebenberg van Wits skryf:**
'n Laaste woord moet gesê word oor André P Brink se verregaande aantyging (VW 17.3.89) dat my resensies in Vrye Weekblad 'n voorbeeld van "die afdwing van 'n baie eng stalinistiese programmetjie op die literatuurbeskouing" sou wees. Hierdie bewering van hom, het hy ewe verkondig, sou "met vers en kapitaal in die Mei-uitgawe van (De Kat) gestaaf" word. Noudat dié Mei-uitgawe verskyn het, blyk dit heeltemal ongegrond te wees.

Brink se "vers en kapitaal" is 'n sin in my resensie van Gawie Kellerman waarin ek sy uitbeelding van sinnelose geweld beskryf het as "op die ou end so vooruitsigloos soos die Nasionale Party". Dit, reken hy, is "presies dieselfde mentaliteit wat 'n liewe Christelike dame 'n paar jaar gelede 'n manuskrip van een van ons voorste vroueskrywers laat afkeur het 'omdat dit geen hoop inhou vir die toekoms nie'.

Om iets as vooruitsigloos te beskryf, beteken egter glad nie dat mens ook sê dit moenie gepubliseer word nie. Wat vir Brink se Christelike tannie geld, geld beslis nie vir my nie. Ek het nooit eers gesuggereer dat tekste soos hierdie nie gepubliseer moet word nie, en ek sal ook nooit nie. Die beskuldiging wat Brink hier maak, is eenvoudig onwaar, en hy behoort dit te weet.

"Van wanneer af - buiten nou in Stalin se USSR - moet die letterkunde oplossings vir die politiek aanbied?" vra Brink verder. Ook hier lees hy iets in my eenvoudige sinnetjie in wat hoegenaamd nie daar staan nie. Ek het nooit gesê of gesuggereer dat die letterkunde politieke oplossings moet aanbied nie. Ek het bloot my eie perspektief op die betrokke teks gegee.

Daarin gaan ek wel 'n bietjie verder as wat Brink gaan in sy bespreking van dieselfde werk in De Kat (Feb 89). Waarna hy kyk, is die wyse waarop die skrywer "die belewenis van oorlog, van geweld, vir die leser geldig" maak. Kellerman verteenwoordig volgens hom hierin "iets heeltemal nuuts" - Brink wil hom self die "eerste 'Negentiger' durf noem".

Wat ek in my resensie doen, is nie net 'n blote formalistiese bespreking van die tegniese probleme rakende die beskrywing van geweld nie; ek wys op die konteks daarvan. Ek wys daarop dat Kellerman, soos in soveel van die "grensprosa" voor hom, geen vrae vra oor die redes vir die oorlog en die geweld nie. Ek wys ook daarop dat die situasie wat hy skets geen vooruitgang bied nie.

En waarom mag ek nie? Dit is tog my reg om dit uit te wys as die politieke dimensie van 'n hoogs politieke gegewe soos die grensoorlog ontbreek! En dit is ook my reg om 'n ander siening te hê - om te meen dat dinge nie noodwendig so hopeloos hoef te wees nie - of hoe? In die situasie waarin ons ons bevind, is dit hoog tyd dat iemand hieraan aandag begin gee.

Brink se heksejag op 'n sogenaamde "stalinistiese mafia" lyk vir my al te veel na die onverdraagsaamheid van 'n ouer skrywer teenoor 'n nuwe generasie kritici wat ander vrae begin vra en op ander maniere resenseer. As hy 'n mens nie hierdie vryheid wil gun nie, is dit hy wat die gevaar loop om "Stalinisties" te wees.

### Duistere literatore

**Madeleine du Toit van Muckleneuk skryf:**
Jislaaik. Mens wil nie die nuwe Taalbeweging in die kiem smoor nie, maar moet dit blow by blow in die briewekolomme van Weekblad afspeel?

Die literatore se briewe word al hoe langer en duisterder. Kan daar nie vir hulle ook 'n debat (of miskien 'n lang konferensie) gereël word nie? Dan kan die res van ons voortgaan op 'n vlak waar ons sonder 'n tolk kan klaarkom, met die aftakeling van ongelykheid in elke institusionele vorm.

Sodat net die soet, wederkerige ongelykheid tussen mens en mens oorbly; die ongelykheid wat deemis en medemenslikheid moontlik maak.

### Vertrou op demokrasie

**Christo van Rensburg skryf uit Nieu Zeeland:**
My magtig! Ek kan my oë skaars glo. 'n Objektiewe koerant in Afrikaans! Hoogtyd en veels geluk!

Vier jaar gelede toe ek weens omstandighede die chicken run geneem het, was so iets byna ondenkbaar. Ek het al begin dink dat die boere nie meer gered kan word nie. Moreel het ek hulle al afgeskryf. Maar nou is daar die alternatiewe Afrikaanse kultuur aan die ontluik, en genoeg bekeerdes om 'n koerant soos die Vrye Weekblad aan die gang te hou.

Met sulke belowende ontwikkelings kan 'n mens begin dink aan terugkeer Suid-Afrika toe, om te help baklei vir die toekoms van ons land.

As Afrikaners het ons nie juis die beste naam in die wêreld nie. Ek hoop die Vrye Weekblad sal help om die Afrikaner in te lig oor wat werklik in die land aan die gang is. Die gemiddelde Afrikaner moet daarop gewys word dat hy op demokrasie moet vertrou om sy toekoms te verseker, en nie op onderdrukking nie.

Ek hoop dat julle meer Afrikaners kan oorhaal om by die regte kant aan te sluit sodat ons aan die res van Suid-Afrika en die wêreld kan toon dat ons nie almal 'n spul rassiste is nie; dat vele van ons die vreedsame naasbestaan van, en menseregte vir al die inwoners van Suid-Afrika in 'n demokratiese land wil help verseker.

(Brief effens verkort)

# Tekere beloof 'skoon leierskap' aan Zimbabwe

Peta Thornycroft



Edgar Tekere

HARARE - Die omstrede parlementslid Edgar Tekere se nuwe politieke party wat verlede week gestig is, is 'n interessante toevoeging tot Zimbabwe se politieke spektrum in tye waar 'n eenpartystaat byna 'n werklikheid geword het.

Edgar Tekere, 'n politikus met 'n onberispelike politieke rekord, 'n stigterslid en voormalige sekretaris-generaal van Zanu, het nou die Zimbabwe Unity Movement (ZUM) gestig.

Verlede jaar het hy die leier van 'n groep parlementariërs geword wat aanhoudend hul afkeur teen korrupsie laat hoor het. Sedertdien het pres Robert Mugabe 'n kommissie van ondersoek gelas om korrupsie te ondersoek, en dit het gelei tot die bedanking van vier kabinetsministers en die selfmoord van 'n vyfde.

Maar Tekere sê die ondersoeke was nie indringend genoeg nie en hy bied Zimbabweërs 'n "skoon leierskap" en 'n veelparty-demokrasie.

Zimbabwe is nie 'n sosialistiese staat nie en dit lyk nie of hy daarheen beweeg nie. Tekere het enige verandering in dié rigting uitdruklik verwerp deur te sê dat Zimbabwe 'n ekonomie moet ontwikkel wat onafhanklik van enige buitelandse ideologie staan, om sodoende die knellende probleme van werkloosheid, hoë belasting en groot buitelandse skuld te oorkom.

Die vraag bestaan nog of hy werklik 'n party kan ontwikkel wat 'n ware opposisie of bedreiging kan wees vir die yslike regerende party, wat die afgelope nege jaar beide sy organisatoriese en invloedsbasis verbreed het.

Baie invloedryke en ryk mense is nou lede van die heersende party, en multi-nasionale maatskappye en vooraanstaande sakemanne doen baie om die staatskoffers aan te vul.

Dit is moeilik om jou dit voor te stel dat enige van dié mense hulself in die openbaar met Tekere sal verbind, hoewel hulle sy uitgesproke kritiek in die stilligheid mag ondersteun.

Tekere sê dat hy die ondersteuning van magtige mense geniet, maar hy erken dat hulle in 'n moeilike posisie is om hom openlik te ondersteun.

Hy is baie gewild en soos ontnugtering met korrupsie toeneem, en werkloosheid en haweloosheid endemiese afmetinge aanneem, sal sy gewildheid uitbrei tot buite sy tuisprovinsie.

Maar dit lyk asof sy party, in die openbaar en op die oomblik in elk geval, beperk sal wees tot 'n politieke organisasie met slegs een swaargewig. Daar is egter 'n algemene verkiesing oor 'n jaar en hy het darem nog speling.

Maar daar is tekens dat Mugabe van plan is om sy party skoon te maak en om leiers van die vryheidstryd - wat sedert onafhanklikheid staatsrykdom verkry het - te ontslaan.

Tekere weet dat hy dit moeilik sal vind om bevooroordeelde persdekking vry te spring. The Herald, die land se grootste dagblad, het reeds hul teenkanting teen hom uitgepreek.

Zanu is ook daartoe in staat om hardhandige taktiek teen hom te gebruik, soos die geval 'n paar jaar gelede met Zapu, maar wat uiteindelik tot vrede en later eenheid in Matabeleland - Zapu se tradisionele magsbasis - gelei het.

Edgar Tekere is op 'n spitsvondige manier baie vermaaklik. Hy is ook deesdae in beheer van homself na 'n paar moeilike jare.

Hy beweer dat lede van die heersende party probeer het om hom te vergiftig, en sy aanhangers glo dit.

Hy het Mugabe al dikwels in verleentheid gebring. Ná onafhanklikheid, tydens daardie eerste paar wankelrige maande, het hy 'n wit boer geskiet. Hy is vrygespreek op grond van 'n ou Rhodesiese vrywaringswet wat nog op die wetboeke was. Mugabe moes hom uit die kabinet ontslaan.

Daarna het sy optrede en sy openbare kritiek van die party tot gevolg gehad dat hy as provinsiale voorsitter ontslaan is, 'n pos waartoe hy met 'n oorweldigende meerderheid verkies is.

Tekere, wat eers Mugabe se vertroueling was, is verlede jaar uit Zanu ontslaan as gevolg van sy waaghalsige en skerp kritiek teen die party en die regering.

Mugabe het homself as 'n leier met internasionale aansien gevestig en as de facto supremo van die frontlinie state.

In die stadium is dit moeilik om te dink dat Tekere in Mugabe se beheersde en skolastiese voetspore sal kan volg.

# Pas op Swapo, hier kom die ware kommuniste!

Pierre du Plessis berig uit Windhoek

DIT was seker onvermydelik. Daar is mos altyd iemand wat dit nóg beter kan doen, ook in die politiek.

Só gebeur dit toe dat Swapo (op Meidag nogal) uitgedaag word vir sy posisie as die mees radikale party in Namibia se deurmekaar-politiek.

Die nuweling aan die linkerkant van die wa is die Werkers Rewolusionêre Party (nou nie juis grammatikaal nie, maar só skryf hulle hom), wat op 1 Mei met vertoon van hamer-en-sekel in die gemeenskapsaal by Khomasdal, die sogenaamde Kleurling-woonbuurt net buite Windhoek, die lig gesien het.

Die WRP staan trots op 'n ideologie wat deesdae meermale as 'n grap of vloekwoord beskou word: Trotskisme.

Die werkers van Namibia het hulle eie politieke party nodig, want die "stamgebonde, diktatoriale, middelklas" leierskap van die "breë stryd om onafhanklikheid" is besig om hulle lot by die heersersklas in te gooi ten koste van die werkersklas, sê die WRP.

Die WRP staan onder die leiding van Erica Beukes, op haar dag lid van die Workers Revolutionary Party in Brittanje (dis nou Vannessa Redgrave se spul).

Dat daar nie 'n oorweldigende behoefte vir nóg 'n politieke party in Namibia bestaan nie, was duidelik: slegs sowat 80 mense het die stigtingsvergadering bygewoon en boonop is 'n groot aantal van hulle per bus van Rehoboth af aangery vir 'n vergadering van die Bouwerkersunie wat ná die WRP vergadering gehou is.

Maar dit was nogtans snaaks om die hamer-en-sekel te sien wapper oor 'n klein groepie mense wat luid Afrikaans sing - vertaalde kommie staatmakers soos die Internasionale en Die Rooi Vlag, afgewissel met Jesus die fondament, halleluja.

Maar die smeersel godsdiens ten spyt - die vergadering is ook met gebed geopen - sien dié Trotskistiese party dit as sy taak om werkers te help om hulle historiese belange te verstaan en deur organisasie uiting te gee daaraan.

Die WRP het hom dit ten doel gestel om minstens 9 000 stemme in die November-verkiesing te trek, wat hom die reg sal gee om 'n verteenwoordiger na die Grondwetlike Vergadering te stuur.

Beukes sê selfs net een WRP-afgevaardigde sal "die kallers deurmekaar kan jaag" omdat dié party so 'n radikale program van eise het.

Die WRP glo daar is tans geen party in Namibia wat die werkers se belange op die hart dra nie. Swapo is 'n mengelmoes van stamme en klasse wat gedomineer word deur die middelklasbelange van sy leiers en sal na onafhanklikheid die strewe van die werkers uitverkoop en frustreer, reken die WRP.

Daarom moet die werkers hulself polities organiseer om die revolusie in Namibia tot sy logiese uiteinde te voer.


**Nasionale Mediese en Tandheelkundige Vereniging**

## Konferensie

**12 tot 14 Mei 1989**
**Sandton Holiday Inn**

Aids, Hongerstakings, Beroepsgesondheid, Tandheelkundige Beleid, Vroue en Gesondheid sal bespreek word


**Oop vir die publiek**
**Vrydag 12 Mei om 7 nm**

- **Swapo-verteenwoordigers en**
- **'n Kenner van die VSA op die gebied van Aids en rassisme sal aan die besprekings deelneem**

Gratis vervoer sal om 6 nm van die vereniging se kantore, Jeppestraat 183 (oorkant die Hoofposkantoor) verskaf word

**Navrae: Tel (011) 29 4060.**






Ek dring aan op die vrylating van hierdie gewetensbeswaardes.

Geteken:______________________

**INTERNASIONALE DAG VIR GEWETENSBESWAARDES**

**15 Mei: Kollig op Suid-Afrika**

David Bruce en Charles Bester is in die tronk as gevolg van hulle gewetensbesware teen diens in die SA Weermag. Ivan Toms en Saul Batzofin is elkeen 18 maande tronkstraf opgelê vir hulle weiering om hulle orige kampe te doen.

Dit is skokkende kommentaar op ons samelewing dat mense wat vir vrede wil werk beskou word as 'n bedreiging van so 'n erge graad dat hulle toegesluit word vir langer tydperke as baie misdadigers wat skuldig bevind is aan verkragting, roof en moord.

David, Charles, Saul en Ivan is by verre nie die enigste gewetensbeswaardes nie. Die minderheid van die ander beswaardes wat om godsdienstige redes weier om aan enige geweld deel te hê, kan aansoek doen om alternatiewe diens te doen - en dit is 6 jaar se werk in 'n regeringspos, in baie nadelige werksomstandighede teen 'n minimale vergoeding.

Vir die orige beswaardes is daar geen alternatief nie.

Gewetensbeswaardes moet nie as misdadigers behandel word nie. Hulle moet nie toegesluit word, of gedwing word om die land te verlaat, of om diensplig te ontduik nie. Hulle moet toegelaat word om die land konstruktief te dien.

Steun ons in ons beroep vir die vrylating van gewetensbeswaardes deur hierdie advertensie uit te sny en te pos aan Posbus 13032, Mowbray, 7705. Dit sal op 15 Mei - die Internasionale Dag vir Gewetensbeswaardes - aan die owerhede oorhandig word.

Uitgereik deur die Ondersteuningsgroep vir Gewetensbeswaardes, Posbus 13032, Mowbray 7705.


Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill. Dit word versprei deur Allied Uitgewers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

RUGBY:

# Wat skort met die Streeptruie?

## Waar is die HO's van yesteryear?

**Nicky McDonald**

**Die Westelike Provinsie het hul ondersteuners dié seisoen nog niks gegee om oor opgewonde te raak nie. Inteendeel, daar is iewers 'n groot skroef los. Twee kenners stel ondersoek in**

TOE WP Saterdag na sy bra onbesielende wegwedstryde vir die eerste keer die seisoen op hul tuisveld uitdraf, was Nuweland al van vroegmiddag volgepak.

Ondanks gerugte van 'n agterlyn wat sy flair vir tierlantyntjies verloor het, en 'n pak voorspelers met die energie van 'n ou bulhond, was die WP-ondersteuners ná ses Streeptruilose maande lus vir rugby.

Net jammer die spelers was nie...

Hoe Noord-Transvaal hulle die volgende tagtig minute verfomfaai het, is nou ou nuus. Die vraag op almal se lippe is: Wat skort? Hoekom is die droom van 1988 nou platvoet?

Die meeste van die manne het iewers tussen einde 1988 en begin 1989 veterane geword, om dit sagkens te stel.

Eensklaps het Carel du Plessis net nie meer daai ekstra tree wat hom die prins van vleuels gemaak het nie. Eensklaps is Div Visser weinig meer as 'n honderd en iets kilogram entoesiasme. Eensklaps skop Calla Scholtz net die maklike skoppe oor.

Michael du Plessis was jare lank amper die verpersoonliking van WP-rugby - wisselvallig geniaal, met 'n skeppingsvernuf wat geen afrigter jou kan leer nie. Sy opponente het nooit geweet wat hy volgende gaan aanvang nie.

Eensklaps, Saterdag, het dit gelyk of hy self nie mooi weet nie. Eensklaps is sy planne so vars soos Dallas IX se draaiboek.

Nare gerugte is vroeër in Kaapstad gehoor oor sekere spelers se ontevredenheid met hul wedstrydtoelae. 'n Mens kan maar net hoop dis nonsens. Dis algemene kennis dat rugbyspelers op 'n groter sny van die geldkoek geregtig is, maar is dit dan nie meer 'n eer om vir die WP te speel nie? In elk geval, as die toeskouers die spelers dan moet betaal om te speel, is hulle sekerlik geregtig daarop om ná 'n vertoning soos Saterdag s'n hul geld terug te eis.

As jy professioneel wil wees, moet jy professioneel optree.

Op keurkomitee- en administrasievlak lyk alles ook nie te pluis nie. Deon Lötter gaan waarskynlik sy Springbokkleure in die Transvaal-trui losspeel. Hy speel al jare so goed, maar die WP-keurders het nie in hom belang gestel nie.



Neil Burger - SA se beste vleuel kan nie die WP-span haal nie

*Foto: Ken Oosterbroek*

Neil Burger is bes moontlik tans die beste vleuel in die land. Hy speel in elk geval die beste rugby van sy loopbaan. In die WP is hy blykbaar net goed genoeg vir die span as iemand anders seerkry.

Balie Swart en Keith Andrews word om die beurt gekies en gepos, gepos en gekies. Guy Kebble verloor sy plek om geen oënskynlike rede nie. Hans Scriba, 'n skitterende heelagter, word net nader geroep as 'n losskakel of senter seerkry. As losskakel of senter is hy 'n man van twaalf ambagte en dertien ongelukke. Met dié jeremiade kan 'n mens vir ewig aangaan.

'n Span soos Scriba, Kobus Burger, Knoetze , Stewardt, Neil Burger, Carel du Plessis, Nel, Kebble, Patterson, Swart, Strauss, Hugo, Visser, Kapp, en Paarwater sou 'n mens ten minste nie in die skande gesteek het nie.

Feit bly staan, as die keurders ingrypend wil verander, moes hulle dit dié week gedoen het. Die span wat môre teen Noord-Vrystaat uitdraf, is nie die beste nie, en sal 'n ordentlike kans gegun moet word.

Maar ai, as 'n jarelange WP-ondersteuner het ek gewens die keurders kies 'n jong span - honger vir 'n beker, lus vir rugby, wat vleuels toe speel sonder sukkel en eerste by die losballe is.

Om die ou Fransman se woorde te verdraai: " Where are the HO's of yesteryear?".

## Geld en 'godjies' verguis WP-rugby

**Chris van Vuuren**

DAAR word gesê geld is die wortel van alle kwaad. In Westelike Provinsie se rugbygeledere blyk dit gewis die geval te wees.

Vanjaar se seisoen is ingelui met gerugte dat die WP-spelerskomitee om betaling en beter vergoeding per wedstryd aangedring het.

Die hele situasie is egter vinnig doodgedruk en die spelers wat aan die hoof van die geldkwessie gestaan het, Carel en Michael du Plessis en Faffa Knoetze, het soos die graf geswyg toe hulle om kommentaar genader is.

Onlangs het gerugte weer die Kaap vol gelê dat die spelers glo binnekort in opstand gaan kom oor die bedrag wat hulle per wedstryd ontvang.

Die swaard wat klaarblyklik oor WP se rugby hang, het sonder twyfel 'n beduidende invloed op die spelers se spel gehad. Geen wedstryd diè seisoen het hulle na moontlike Curriebeker-wenners laat lyk nie.

Van die senior spelers het openlik gesê skuiwe sal gemaak moet word om diegene wat dink hulle is onvervangbaar, wakker te laat skrik.

Michael du Plessis speel deesdae soos 'n slaapwandelaar en is so belangeloos soos 'n Led Zeppelin-fanatikus by 'n skoolkonsert.

Calla Scholtz het blykbaar nog nie die spinnerakke van sy wittebrood uit sy gedagtes geskud nie en veral sy visier na die pale is hopeloos ingestel.

Verder is daar 'n groot skroef voorlangs los. Daar is meer eenheid in die VVO as in die WP-agttal. Die voorry, wat met feitlik elke wedstryd verander word, moet nou in 'n eenheid saamgesnoer word - dan sal die lostrio ook beter begin vaar.

Die groot probleem blyk te wees dat daar te veel godjies in WP-rugby is. Selfs sommige beamptes se skakeling met die pers laat veel te wense oor.

Daar word ook gesê die meeste spelers is hopeloos te "sag" in die kop. Noord-Transvaal voeg die daad by die woord en speel rugby op die harde ongenaakbare wyse wat vereis word om in die Curriebekerreeks te oorleef.

Die ander spanne beskik nie werklik oor "killer-instinct" nie, en voordat hulle nie die formule bemeester het nie, sal WP - en selfs Transvaal - nie die Goue Beker by die Ligbloues afrokkel nie.

SOKKER:

# Die Blou Bulle van die sokkerveld wil wen

**George Pearl**

WAT op dees aarde het 'n span met die pizzazz en glans van Kaizer Chiefs gemeen met 'n meedoënlose bende soos die Blou Bulle?

Heelwat, en dit het alles met een ding te doen: die vermoë om te wen.

Soos Noord-Transvaal se rugbyspan, het Chiefs die slag om hulself reg te ruk vir daardie grotes, soos môre se Ohlsson's Uitdaageindstryd teen Jomo Cosmos op Ellispark.

Vergeet hoe hulle die afgelope maand of selfs verlede Saterdag gespeel het. Wanneer bekersokker gespeel word, is Chiefs moeilik om te klop.

In hul 19 jaar lange geskiedenis het Chiefs in 45 bekereindstryde gespeel. In 36 daarvan het hulle die beker verower.

Op papier én op die veld is Cosmos hul teenstanders se gelyke in elke afdeling, behalwe miskien tussen die doelpale. Daar is die kalm, ervare Gary Bailey die wisselvallige Marco di Giavompaolo se meerdere - en dít kan die deurslag vir Chiefs gee.

Maar in die aanval én verdediging is Cosmos net so goed soos Chiefs.

Die uitslag gaan afhang van ervaring en wie koelkop bly. Dit is hier waar wedders twee maal gaan dink voordat hulle hul geld op Cosmos gaan sit.

Chiefs is al 'n gelukkige bekerspan genoem, maar in der waarheid skep hulle self dié geluk.

As hul buitengewone vaardigheid opdroog en die masjien begin stotter, stel hulle dit reg met swoeg en sweet. Klink dit nie bekend vir rugbyaanhangers nie?

En die kille waarheid vir hul teenstanders is: al oorheers hul driekwart van die wedstryd, sal dit niks beteken as hulle nie doele aanteken nie.

Dit is glad nie toevallig dat die hoofwapen in Chiefs se arsenaal die teenaanval is nie - kort, vinnige aangeë van agter af deur die middelveld tot by hul blitsige voorspelers. As dit werk is dit vermaaklik... en gevaarlik.

Die feit dat van Suid-Afrika se beste jong talent môre te sien is, betaal al klaar vir die toegangskaartjie.

Dit is altyd 'n belewenis om jong spelers soos Doctor Khumalo van Chiefs, en Philemon Masinga en Augustine Makalakalane van Cosmos, in aksie te sien.

## Saru-stryd begin

**André van Wyk**

RUGBY:

# Boland takel op vir beker in Paarl

DIE SA Bekerkompetisie van die SA Rugby-unie (Saru) kom môre op dreef wanneer verskeie wedstryde afgehandel word. Boland, die kampioenspan, verdedig sy titel vir die eerste keer wanneer hy teen die Oostelike Provinsie te staan kom.

Hoewel die Boland sy eerste wedstryd teen City en Suburban verloor het, het hy daarna die gedugte span van Tygerberg en Kwaru geklop en behoort hy die OP maklik in die Dal Josafat-stadion in die Paarl te klop.

OP het laasweek gesukkel om sy eerste SA Bekerwedstryd teen SWD met 10-0 te wen. OP het ook in 'n vriendskaplike wedstryd teen Uitenhage met 8-12 verloor.

Die Boland se kwesplek is sy lynstaanspel.

As dít verbeter kan die Boland-masjien môre op al sy silinders loop.

Daarenteen het die OP sy briljante skrumskakel, Alistair Coetzee, verloor.

City en Suburban, wat tot dusver goed gevaar het in sy vriendskaplike wedstryde, kom in sy eerste Beker-kragmeting in die B-afdeling teen Kwaru te staan.

Ná sy swak vertoning teen die Boland, lyk dit nie of Kwaru vanjaar 'n groot krag in die kompetisie gaan wees nie.

Die WP-Platteland reis na Graaff-Reinet om sake uit te spook teen Sentraal-Karoo in die C-afdeling.

# VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad,12 Mei 1989

# Namibia vry van kultuurboikot

Charles Leonard

JY hoef nie meer Moskou toe te gaan om die Bolshoi Balletgeselskap in aksie te sien nie. Ook nie Londen toe om Sting te sien, of New York toe om die jongste Harold Pinter-stuk te gaan geniet nie.

Binnekort gaan sulke kultuur vryelik beskikbaar wees in 'n onafhanklike Namibia.

"Ons het reeds aansoek gedoen vir opvoerregte van talle van die wêreld se voorste stukke," sê Mees Xteen, die artisiteke direkteur van die Nasionale Teater van Namibia (NTN). "Ná onafhanklikheid gaan dit geen probleem wees nie."

Die NTN was voorheen bekend as Swaruk.

Namibiërs gaan ook getrakteer word op die beste teater uit die Frontliniestate. Xteen het aan Vrye Weekblad gesê dat hy reeds briewe aan toneelorganisasies in die lande gestuur het waarin vir wedersydse uitruilings gevra word. Uitruilings van akteurs, toneelstukke en idees sal aan die orde van die dag wees na onafhanklikwording.

Tot nou toe is die Namibiese kultuur aan dieselfde boikot as Suid-Afrika s'n onderwerp.


"Die meeste goeie lewende skrywers se werk kon ons nie opvoer nie," sê Xteen. "'n Baie opwindende tyd lê voor die deur vir Namibiese kultuur."

Bande sal verbreek word met die staatsondersteunde kunsbeheerrade in Suid-Afrika, omdat Namibia as lid van die internasionale gemeenskap nie bande sal hê met hul suidelike bure nie.

"Ons sal waarskynlik nog bande met progressiewe geselskappe soos die Markteater en die Baxterteater behou. Daar sal na gekyk moet word ná onafhanklikheid."


'n Baie opwindende projek waaraan Xteen nou werk, is 'n gedramatiseerde weergawe van die ware Namibiese geskiedenis. Die geskiedenis, wat strek van 1882 tot onafhanklikheid, gaan een van die mees ongewone amfiteaters in die wêreld opgevoer word.

Dié opvoering sal vroeg volgende jaar tussen die duine buite Windhoek aangebied word, waar tot 10 000 mense verwag word.



**Jennifer Ferguson se stembande werk weer oortyd**

**Pas terug uit Harare, vanaand by Wits, en volgende week by die Warehouse. Haar volle program verskyn op bladsy 3**




**Links: 'n Foto uit die 'Griekse periode' van Mike McCann, avonturier, oorlogsfotograaf en mens sonder aardse besittings, wat onlangs oorlede is. Uitstalling by die Markgalery, Johannesburg.... 4**

Barney Rachabane een van die hoogtepunte by Melville se Mardi Gras ........ 3

Die Groot Trek of die morfienduiwel? ........ 7

Kulturele Herkousels: Ipi Tombi II en Tarzan ...... 9

Pens en pootjies moet ook in ........ 8

Score me the Ages: die keersy van gay seks.... 9

Ontmoet Buks van Arende ........ 4

# Pure psigedeliese XTC in dié vrugte

CHARLES LEONARD

HAKKAS

Plate word beoordeel op 'n skaal van 0 tot 10

**ORANGES AND LEMONS - XTC (9)**

"England is all I know about. I can't write mid-Atlantic airport lounge music. I can't talk about my hot babe with her leather and whip, or meeting my cocaine dealer. I like to write about what's going on around the town. I can't get into all that U2 new guitar prophet stuff, wind streaming through my hair on the mountain top. It's horrendously Magnificent 7! I'm much more into the anti-herd thing. That's very English." Andy Partridge, XTC-leier, oor hul musiek en herkoms in 'n onderhoud met Q Magazine.

Die 15-snit CD-lengte Oranges and Lemons is 'n terugkeer na die psigedeliese era van die Beatles om en by 1968, die Small Faces, en vroeëre Pink Floyd toe die mal diamant Syd Barrett nog helder geskyn het.

Die omslag is tipies laat sestig pienk, pers, blou, geel, oranje, en rooi met 'n grafiese voorstelling van die groep. Dit herinner aan die Beatles se geanimeerde film Yellow Submarine.

Die musiek verskaf net soveel subtiele plesier. Wysies wat so stilletjies in jou kop kom inkruip en onverwags saam met jou wakker word in die môres.

Die lirieke is gelukkig gestroop van die selfkoesterende pretensie wat so 'n sterk element van psigedelia was.

Die lirieke op XTC se mengsel van die mal sestigs is eerder 'n humoristiese huldeblyk aan hierdie lekker sorgvrye dae. Daar is lawwe surrealistiese deuntjies soos Poor Skeletons Steps Out, Chalkhills and Children en Garden of Earthly Delights.

Op Garden Of Earthly Delights met sy hipnotiserende buikdansritmes: "Kid, stay and snip your cord off. Talk and let your mind loose. Can't all think like Chekov, but you'll be OK. Kid is this your first time here? Some can't stand the beauty. So they cut off one ear. But you'll be OK.

Welcome to the garden of earthly delights. Welcome to a billion Arabian nights."

Die kortspeler Mayor of Simpleton is klassieke pop, wysie en lirieke: "Well I don't know how many pounds make up a ton/ of all the Nobel Prizes that I've never won. And I may be Mayor of Simpleton, but I know one thing, and that's I love you." Heerlik!

Bush is nes Reagan, Thatcher is, nou wel, nes Thatcher, is die boodskap agter Here Comes President Kill Again, en steeds word hulle ingestem: "Hooray, everything is great. Now President Kill is dead. Hooray I'll bet you can't wait, to vote for President Kill instead...". Klink so half bekend, né?

Dié plaat is 'n onbeskaamde huldeblyk aan die takhaarmusiek van die sestigs. Tog is Oranges and Lemons nie 'n fotostaat daarvan nie en Partridge, Colin Moulding en Dave Gregory het met 'n sappige, vars langspeler vorendag gekom.

**LINCOLN - THEY MIGHT BE GAINTS (10)**

Denis Worrall was al prominent in die VP, die PFP, die NP, die OP en nou die DP. They Might Be Gaints stem in een opsig met hom ooreen - dit is ook uiters moeilik om hulle invloede te peil. Maar ontspan, liewe leser, dit is hier waar die ooreenkoms eindig.

Die twee New Yorkers, John Linnell en John Flansburgh, verskaf ure se genot met een van die opwindendste, spitsvondigste langspelers wat ek in 'n lang tyd gehoor het.

Die een oomblik is dit Squeeze, dan is dit Zappa, dan weer 'n Amerikaanse parade, dan Tom Waits, vaudeville-akkordions, dan Stray Cats-rockabilly, ens, ens. Mens kan ongelukkig nie aangaan nie, want die plaat bevat 18 snitte!

You'll Miss Me gee die stukkie betowering: "It must be raining because a man ain't supposed to cry, but I look up and I don't see a cloud."

Of die genoeglike Santa's Beard: "Once a year my friend puts on a red suit/ and hangs around with me and my wife/ But lately I've been feeling jealous each time she climbs on his knee", en dan "No, I don't like that fat guy around/ Thrilling Christmas, trembling fear."

They Might Be Gaints? Hulle is groter as 50 musikale Arnold Scwarze-whatevers tesame. Koop!



XTC se Andy Partridge haal sy hoed af vir die Sestigs


Jameson's
95A COMMISSIONER ST. JHB

| | |
|---|---|
| Vry & Sat | ZANUSI |
| Dins, Woens & Don | SIMBA MORRI |

Tel: 836-6002/838-1769



SHIFTY RECORDS & VRYE WEEKBLAD

bied aan

bied aan

VOËLVRY

met

BERNOLDUS NIEMAND

& die swaart gevaar

ANDRE LETOIT

GEREFORMEERDE BLUES BAND

Shifty Records/Vrye Weekblad Voëlvry toer

Toerdatums

Vandag Vrydag 12 Mei - Universiteit van Stellenbosch - Die Drie Gewels Hotel - 9nm. Saterdag 13 Mei - 3 Arts Theatre, Plumstead, Kaapstad - 9nm. Woensdag 17 Mei - George Stadsaal - 9nm. Vrydag 19 Mei - The Feather Market Hall, Port Elizabeth - 9nm. Saterdag 20 Mei - Grahamstad Stadsaal - 9nm. Vrydag 26 Mei - Methodiste Kerksaal, Durban - 9nm. Saterdag 27 Mei - Pietermaritzburg University, Students Union Hall - 9nm. Vrydag 2 Junie - Windhoe Teater - 9nm. Saterdag 3 Junie - Windhoek Teater - 9nm.

Toegang R8. T-hemde, plakkers en lapelwapens sal by die deur verkoop word.

# Waar was Tarzan?

## Ipi Tombi - The Now Generation

**Victory Teater, Orange Grove, Louis Bothalaan**

**CHRIS DU PLESSIS**

DIE eerste Ipi Tombi was die toppunt van Suid-Afrikaanse curio-extravaganza's. Die tweede bou voort op die tradisie. Met die verskil dat 'n sogenaamde vars sosiale bewussyn pynlik gekommersialiseer word.

Dit is tragies om te sien hoe soveel energie en toewyding deur die dansers op die verhoog uitgesweet word en hoe dit dan vermors word deur die oppervlakkige tema-materiaal en tekort aan rigting.

Ipi I was op die planke vóór die Soweto-uitbarstings en noodtoestand-afkondigings in die Suid-Afrikaanse psige posgevat het. Die pretensie kon verskoon word. Dit was nie eintlik bedoel om meer as 'n oulike uitvoer-produk van stam-trots en bly-moedige primitiviteit te wees nie.

In Ipi II probeer hulle dié gemors meng met 'n "nuwe" sosiale bewussyn. Dit verkoop mos deesdae goed oorsee. Maar die "honkie"-interpretasie daarvan is niks behalwe vervelig of - op beter oomblikke - lagwekkend nie.

In die een lied, Superstars, word Nelson Mandela goedsmoeds die status van 'n superheld in die popkultuur gegun saam met Lionel Ritchie, Michael Jackson en Stevie Wonder.

In 'n ander toneel word een van die vroulike dansers op 'n stellasie gehys en "geoffer" in 'n primitiewe ritueel wat beter sou pas in 'n Edgar Rice Burroughs novelle. Ooga-Booga! (Mens verwag enige oomblik om 'n koloniale sendeling met 'n "pith-helmet" in 'n kokende pot, omring deur kannibale met bene deur hulle neuse, te sien).

Die musiek, 'n patetiese poging om sewentiger-disko (VSA) en eurobeat met mbaqanga te meng, is onuithoudbaar en ongoddelik vervelig. Daar was maar bra min plaaslike invloede in die oorspronklike afgewaterde "Afrika-pop treffers" van Ipi I, maar in die opvolg is die laaste sweempie eiegrondse gevoel uitstekend verdoesel.

Behalwe dat 'n groot deel van die repertoire juis bestaan uit herkousels van die vervelige 15-jaar-oue materiaal (Mama Thembu's Wedding, The Warrior ens), het die "moderne" invloede wat blykbaar 'n byderwetse crossover moes bewerkstellig ook wonderbaarlik gefaal.

Selfs die tradisionele Inhlangwini en gumboot-choreografie is afskuwelik verAmerikaans, en saam met die swak musiek is dit net so opwindend as 'n Punch and Judy vertoning gemik op toeriste uit spesiale laerskole.

Nie dat die gehoor nie in elk geval soos skoolkinders behandel word nie. Soos Sub 1 leerlinge word ons aan die redes vir die politieke spanning blootgestel met 'n tipe van: "Hello, I am Christian. I am a white man. Me very bad...Hello I am Jonas (Sixpence?), White racist treat me bad." Phew!

### Vol passie

En dan is daar die SEKS. Wat altyd goed verkoop. Die pragtige jong dansers, vol passie en goeie latente tegniek, in hulle pragtige kostuums met heel goeie dekor en steltegnieke (eerlikwaar), dreig gedurig om in Las Vegas low-life ontkleedansers te verander. Die dansers, stel- en kostuumontwerpers se goeie bedoelings word totaal uitgelewer aan die "gode van slegte smaak".

Waar was die Pantsulas (dit is tog die mees prominente dans-neiging in die townships vir die afgelope tien jaar), waar was die satires van nouveau swart middelklas, kommentaar op die taxi-sage, die... Genugtig! Het niks hier in die afgelope 15 jaar gebeur wat kulturele uitbeelding (om nie eers te praat van politiek) verdien nie?

Nee hel man. Dis vervelige, naïewe, gekommersialiseerde, neo-koloniale, Amerikaanse twak die! Sien dit en ween vir Afrika.



Robert Colman en Laurens Seliye

# Versigtig in die gay agterstrate

## Score Me The Ages

**Regie deur Barney Simon. Met Laurens Seliye, Li Newman, Robert Colman, Gideon de Wet.**

**In die Laager by die Mark**

**SIMON CELLI**

DIE terrein wat hier betree word, is ongetwyfeld dié van Jean Genet - die goor agterstrate van die binnestad waar die mooi seuns kamp. Hul slagoffers is die eensames en die wellustiges. Maar Barney Simon het - en ek weet nie of dit 'n wyse stap was of nie - besluit om ver weg te bly van die sieklike en die sensasionele in sy ondersoek van manlike prostitusie.

Genet is nie eers in die gees teenwoordig nie, wat nog te sê van die vlees.

Simon vermy ook die lelikheid en wanhoop baie versigtig, asook enigiets radikaals wat uit die karakters se monde kan kom. Sy motivering is waarskynlik kommersieel.

Wat wel deeglik in Score Me The Ages gebeur, is dat 'n korrektief gebied word op ons galante polisie se heksejagte op kindermolesteerders. Dit klink dalk na 'n verskoning vir die seksuele uitbuiting van kinders deur volwasse homoseksuele, maar dit is nie die bedoeling nie.

Die stuk wys bloot die ander kant van die munt: die genadelose uitbuiting van die eensames en wellustiges deur prostitute wat nie noodwendig gay is nie. (Die stuk gee nie voor om insigte te verskaf oor die redes vir homoseksualiteit nie, maar bloot oor die effek van die uitbuiting daarvan.)

Die stuk is veel eerder 'n morele oordeel oor die manipulasie, leuens en selfbedrog van parasiete wat teer op kwesbare mense... dit behoort nie seksisties te klink nie, maar dit lyk of mans op 'n seksuele vlak baie meer kwesbaar is as vrouens. Die stuk het universele impak omdat dit ook lig werp op vroulike prostitusie.

Tot sover die bedoeling: Die produksie begin met 'n kroeggeveg tussen twee "rent boys". Barney Simon se liriese choreografie - wat die karakters onmiddelik romantiseer deur hulle te laat lyk na Samurai-vegters (met hul biljartstokke as swaarde) - verander ongelukkig nooit van toonaard nie. Dis asof die hele stuk in stadige beweging afspeel. 'n Mens soek die heeltyd na 'n vinnig vorentoe-knoppie.

Twee van die karakters ('n middeljarige queen wat subtiel vertolk word deur Laurens Seliye en 'n vertraagde werkersklas gay gespeel deur Robert Colman) is met diepte geskryf en vertolk.

Die twee vertolkings en die ryke innerlike lewe van die karakters maak die opvoering die moeite werd.

Maar die twee "rent boys" (die naïewe Afrikaanse nuweling op die wrede strate, gespeel deur Gideon de Wet, en die gladde, straight seun gespeel deur Li Newman) word nooit volledige karakters nie. En die teenwoordigheid van die swanger vrou (gespeel deur Megan Wilson) as die simbool van nuwe lewe, bla bla bla, is 'n bietjie opsigtelik beplan en siekerig romanties.

Die blote teenwoordigheid van 'n vrou in die proses van voortplanting, terwyl al die ander karakters terwyl van geld die ding doen, lyk nogal na 'n veroordelende houding teenoor homoseksualiteit, hoewel ek seker is dit was nie die bedoeling nie.

# Hoender wat vlieg

## Story of an African Chicken

**Vertel deur Jonathan Pienaar Ian Fraser het gehelp met die teks en die regie gedoen. By die Black Sun in Orange Grove.**

**VICTOR MUNNIK**

DIE kuns van die storieverteller het nog lank nie uitgesterf nie, bewys Jonathan Pienaar met sy knap - en baie snaakse - Story of an African Chicken.

Dis 'n storie van 'n hoender wat bitter graag wil vlieg. Teen sy ouers se wense in kry hy dit reg.


Eers tjek hy Pretoria uit, waar hy waarlik haan word, en dan Johannesburg.

Eers beland hy saam met 'n diepsinnige Kaapse Aasvoël op 'n draaiende plastiese pizza in Hillbrow. Dan leer hy die lewe verder ken saam met 'n afgeleefde budgie en besef: hy moet die ander hoenders ook leer vlieg. Dit loop uit op 'n dramatiese einde op die plaas Buchenwald.

Pienaar vertel die storie met mimiek en in verskillende stemme. Talle herkenbare tipes verskyn in hierdie voëlwêreld, soos die yiddische mama, die boerseuntjie wat oopbek kyk na sy supersoniese mede-hoender en die bles arend met sy swaaiende wysvinger. Literêre invloede is ook herkenbaar: Jonathan Livingstone Seagull en Kermit die Padda.

Die teks, grootliks die werk van Ian Fraser, is 'n aangename verrassing. Dat die bitterbek rooikop van Yeoville, Ian Fraser, met soveel deernis kan skryf!

Al amper 'n jaar - sedert laasjaar se Grahamstad Kunsfees waar dit baie gewild was - probeer Pienaar sy vertoning in volle vlug kry. Hopelik gebeur dit nou onder die vlerk van die Black Sun.



Jonathan Pienaar in die monniksgewaad waarin hy sy hoenderstorie vertel

dié week by die
MARK-TEATER
MARK-TEATER
Maan - Vry 8nm
Sat 2 vertonings: 5.30nm & 9nm
Middagvertonings van 17/5: 3nm
MIDSUMMER NIGHT'S DREAM
onder regie van Fred Abrahamse
— 'n droomkomedie van Shakespeare kry lewe
UPSTAIRS-TEATER
Maan - Vry 8.15nm
Sat 2 vertonings: 6.15nm & 9.15nm
THE LAST TREK - A FANTASY
DIE LAAGER
Maan - Vry 8.30nm
Sat 2 vertonings: 6.15nm & 9.15nm
SCORE ME THE AGES
(Tell me the time)
- 'n Tragiese straatkomedie
WAREHOUSE BY DIE MARK
Run Run-produksies met
Jennifer Ferguson, Mango Groove, Sharptown Swingsters, Mzwakhe
KIPPIES BY DIE MARK
Dinsdag tot Sondag van 8.30
WERKSWINKEL
MARKGALERYE
Groot Galery
Mike McCann - 'n huldeblyk
Foto's en skilderye
Klein Galery
Eksperimentele muur: Rowland Watermeyer
The Magic Flute - Stelontwerp en verkenning van die mens, musiek en ruimte
Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Onthou die Johannesburgse snuffelmark elke Saterdag van 9vm tot 4nm op die Mary Fitzgerald-plein

